**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**GESKIEDENIS VAN TEATER, KOSTUUM EN LETTERKUNDE SG (Tweede Vraestel: Geskiedenis van Letterkunde)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 120**

---

**INSTRUKSIES:**

- Jy moet VIER vrae uit hierdie vraestel beantwoord.
  - TWEE vrae uit Afdeling A.
  - EEN vraag uit Afdeling B.
  - EEN vraag uit Afdeling C.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die nommers wat op die vraestel gebruik is.
- Elke vraag tel 30 punte.

---

AFDELING A
**POËSIE**

Beantwoord TWEE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 1**

1.1 Die sogenaamde Dertigers het ’n vernuwing gebring in Afrikaanse poësie, d.w.s. daar is op nuwe maniere gekyk na Afrikaans en radikale klemverskuiwings het plaasgevind. Bespreek VYF belangrike veranderings in die Afrikaanse letterkunde wat met hierdie groep digters geassosieer word. 5x2= (10)

1.2 Gee die name van VIER Dertiger digters. (4)

1.3 Elizabeth Eybers was die eerste en belangrikste digteres van die Dertigerjare. Beantwoord die volgende vrae met verwysing na gedigte wat sy sedert 1936 geskryf het.

Noem VIER biografiese periodes en gepaardgaande temas waarin die poësie van Elizabeth Eybers ingedeel kan word. Noem digbundels en gedigte wat gedurende die vier periodes die lig gesien het. 4x4= (16)
**[30]**

**VRAAG 2**

2.1 Skryf kort aantekeninge oor die belangrikheid van N.P. van Wyk Louw as een van die leidende figure van sy generasie, asook die impak wat hy gehad het op die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde in die Twintigste Eeu. (10)

2.2 Die **soeke na waarheid en geestelike helderheid** is ? deurlopende tema in die werk van Van Wyk Louw. Noem die titels van TWEE gedigte wat spesifiek oor die ontwykende antwoorde op lewensvraagstukke handel. 2x5= (10)

2.3 Verwys na enige TWEE gedigte uit *Tristia* en bespreek kortliks waarom dié gedigte beskou kan word as voorbeelde van sy verlange na sy vaderland tydens sy verblyf in Amsterdam. 2x2= (4)

2.4 Noem DRIE ander temas wat ook in die werk van Van Wyk Louw aangetref word en wat ook dikwels oorvleuel en gee voorbeelde uit sy werk. 3x2= (6)

**[30]**

**VRAAG 3**

3.1 Gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu is sommige Afrikaanse skrywers heftig deur die sensuurraad aangeval, nie net oor hulle liberale politieke sienings nie, maar ook omdat hulle radikaal van die tradisionele manier van skryf in Afrikaans wegbeweeg het. Noem TWEE skrywers, **buiten** Breyten Breytenbach, wie se boeke ingevolge die Wet op Publikasies gedurende hierdie tydperk verban is. (2)

3.2 In die poësie van Breytenbach kan die volgende groepering van temas gemaak word:

- Liefdespoësie
- Verlange na sy ouers en sy vaderland
- Haat-liefde-gevoelens teenoor die vaderland
- Protes- en politiese poësie

Noem en bespreek kortliks, aan die hand van die genoemde kategorieë, gedigte wat oor die bostaande temas handel. 4x4= (16)

3.3 Die groot sprong wat hierdie skrywers wég van die oorwegend "geslote vers" geneem het, was weens die invloed van die Nederlandse Vyftigers. Bespreek die onderstaande aspekte en verduidelik hoe Breytenbach bestaande reëls en norme verbreek en/of geïgnoreer het in sy werk:

- Woordkeuse
- Beeldspraak
- Erotiek
- Punktuasie 4x3= (12)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

AFDELING B
**PROSA**

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 4**

Daar word algemeen in literêre kringe beweer dat die 'Groot' Historiese Roman nog nie die lig gesien het in Afrikaans nie. Dit mag betwis word, maar wat wel 'n feit is, is dat die geskiedenis in die laaste dekade of meer op 'n heel ander wyse beskryf word as in die dae van C.M. van den Heever *et al*. Johl en andere argumenteer dat die verlede relevant gemaak word deur die nuwe skryfwyse.

4.1 Noem VIER skrywers wat beskryf kan word as skrywers van die 'nuwe' historiese roman. (4)

4.2 Die kuns lê daarin dat die skrywer poog om uit die hede *om te kyk* eerder as *terug te kyk*. Verduidelik die volgende kriteria en bespreek die toepaslikheid van hierdie kriteria op die roman wat jy hierdie jaar behandel het.

Noem die titel en outeur van die boek wat jy gaan bespreek. (1)

- Relativerende vertelhouding
- Ongedwonge, pretensielose dialoog, taal en woordeskat
- Pogings om die verlede te aktualiseer deur vermenging van geskiedenis en fiksie
- Oortuigende karakterbeelding
- Skrywer se 'vernuwende' omkyk na die verlede 5x5= (25)

**[30]**

**VRAAG 5**

Kies TWEE kortverhale uit die kortskryfkuns en noem by elke kortverhaal wat jy gekies het eers die titel en die skrywer en bespreek dan elke kortverhaal aan die hand van die volgende aspekte deur na die teks te verwys:

- Simboliek
- Surrealisme
- Tyd
- Ruimte
- Klimaks
- Konflik 6x5= (30)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

AFDELING C

**DRAMA**

**VRAAG 6**

6.1 Gee die titel van die drama en die naam van die dramaturg wat jy gedurende die jaar behandel het en bespreek die drama aan die hand van die volgende:

- Hoogtepunt(e) in die drama
- Ironie
- Humor
- Skyn en syn in die drama 4x3= (12)

6.2 Voltooi die volgende tabel deur te verwys na die drama wat jy behandel het:

| Titel | Dramaturg | Karakters | Betrekking van die gehoor | Kostuums en Karakterisering |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

4x3= (12)

6.3 Beskou hierdie reghoek as ’n verhoog. Teken dit in jou antwoordboek oor en dui aan waar die onderstaande gevind kan word, of hoe dit sou plaasvind in ’n verhoogopvoering van die drama wat jy behandel het.



- Die vierde muur, Verhoog – Regs en Verhoog – Links
- Ouditiewe ruimte
- Rekwisiete
- Tersyde
- Beligting
- Gehoor en gordyn (6)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**

**EINDE**